## Johan Anton Preis se Voor en Nageslagte

Deur Johan Hefer (j.hefer@ru.ac.za)

Dit was bekend gewees dat Johan Anton Preis gebore is in Denemarke. Op die webwerf www.folketimidten.dk het die skrywer sy ouers se huwelik informasie ontdek wat hom gely het tot die volgende inligting.




**1 - Denemarke**

### Dominicus Preis

Die jaar nadat Franciscus Preis, Johan Anton se pa getroud is kon ek volgens die sensus informasie sien dat sy ouers Dominicus Preis en Anna Maria Schäffer was[1].

Dominicus Preis het 'n burger van Århus geword op 17 Februarie 1794. Volgens sy burgerskap rekord[2] was hy van Praag in die moderne Tsjeggiese Republiek. Die inskrywing is as volg:

> *Dominicus Preis, 'n boorling van Praag, 25 jaar oud het vir burgerskap gevra en is dit gegee as 'n Meester bouer, hy het 'n belofte gemaak en die arm man het belowe om 1Rd. per jaar in dankbaarheid aan die stad te gee vir die 6 vryheid jare tot 60Rd.* [11]

Dus is Dominicus in omtrent 1789 gebore en volgens sy burgerskap rekord is hy in 1837 in Århus oorlede. Hy was blykbaar 'n meester messelaar, die Deense woord "Muurmester" word as bricklayer vertaal in Engels.

Dit is onduidelik of Dominicus in Denemarke of al in Praag getroud is met Anna Maria Schäffer (*≡1767). Daar was 'n Schäffer, Niels Carl Schäffer (*≡1741, † 1801 Århus, 'n pruikmaker) wat sy burgerskap in 1767 gekry het in Århus. Ek kon hom egter nie op die sensus informasie vind nie en kan dus nie vasstel of dit dalk haar pa was nie.

Hulle het twee seuns gehad wat volgens die 1834 sensus by hulle gebly het[1]:

- Franciscus Preis (*27 Januarie 1808 in Århus, Denemarke, † 18 Augustus 1839 in Skødstrup, Øster Lisbjerg, Randers, Denemarke[3]), 'n winkel assistent; en
- Peter Anton Preis (*≡1813, † 1868 in Århus Denemarke[2]), ook 'n meester messelaar. In 1840 het hy in Kopenhagen gebly.

Volgens die boek Danmarks Kirker[2&12] was die volgende ook Dominicus se seun, dit is onduidelik of hy dalk uit 'n vorige huwelik gekom het:

- Johan Casper Preis (*≡1794 Århus, Denemarke, †1865 in Århus word burger as messelaar op 26 April 1824 X 19 Mei 1826 met Ané Marie Jensen)

Volgens die 1834 sensus[1] het hulle en hul twee jonger seuns in Kannikegade 6, Århus dorp, Hasle, Århus provinsie gebly.

In die boek Danmarks Kirker dui dit aan dat daar groot restourasie werk gedoen is deur die Tsjeggiese immigrant messelaar in die 1820 en 1830s, Dominicus Preis, wat in die periode, saam met sy seuns Johan Casper en Anthon Peter vele kontrakte in Århus katedraal voltooi het.[12]

Verder het J.C. Preis in 1840 die kanselruimte geplavei en P.A. Preis het in 1849 die suid-westelike kapel met geel gebrande teëls geplavei in die katedraal. [13]


By die Assistenkirkegård (Kerkhof) in Århus het J.C. Preis 'n sogenaamde "blinde-hek" by die ingang gebou. [14] In 1843 het J.C. Preis ook by die Spoerring kerk naby Århus 'n totale opknapping van die kerk gedoen saam met 'n meester skrynwerker Poulsen. [15]

**Franciscus Preis**

Franciscus Preis is op 28 December 1833 met Inger Marie Pedersdatter (*≡1810 Hørrup, Viborg, Denemarke, †7 April 1862 Ørum, Djurs Nørre, Randers, Denemarke) getroud in Framlev, Århus, Denemarke[4]. Pedersdatter beteken Peder se dogter. Hy word beskryf as 'n gewese winkel assistent 25 2/3 jaar oud en sy as die stiefdogter van Jens Frandsen 'n skrynwerker in Eekhof, 23 jaar oud. Jens Frandsen het ook as een van die getuies geteken. Hulle is op 13 November 1833 verloof. Interessant genoeg het hulle op 18 Februarie 1834, toe die sensus geneem is, nie in dieselfde huis gebly nie. Sy het by 'n Lars Madsen gebly as 'n huurder met 'n nota dat haar man 'n inwoner van Århus is[1].



**2 - Framlev Kerk**



Franciscus Preis af Aarhuus, forhen Handelsbetjent, 25 2/3 Aar gl. | Inger Marie Pedersdatter, Stifdatter af Snedker Jens Frandsen i Eckhof, 23.

**3 - Inskrywing in Huwelik register**

Om Inger Marie se ouers te vind het ek toe vir 'n Jens Frandsen wat 'n skrynwerker is gesoek in die Huweliksregister. Die enigste moontlikheid was 'n Jens Frandsen van Borum in Århus (*≡1798) wat getroud is met Johanne Nielsdatter van Borum (*≡1788) op 13 November 1828 in Framlev, Århus. Sy was die weduwee van Peder Knudsens van Hørup[4]. As vêrdere bewys dat dit haar ouers is teken Inger Marie in latere sensus informasie, soos in 1850[1] aan dat sy in Hørup in Viborg, Denemarke gebore is en verder het sy natuurlik ook as "Pedersen" bekendgestaan.

In die 1834 sensus bly Jens Frandsen en Johanne Nielsdatter in Framlev saam met 'n Niels Jørgensen, 74 jaar oud (*≡1750) en Maren Gotfridsdatter, 79 jaar oud(*≡1745). Dit is heel moontlik Johanne se ouers aangesien haar van aandui dat sy 'n dogter van Niels is. Niels was volgens die informasie 'n huurder in die huis en was voorheen 'n wewer van beroep wat nou op pensioen is.[1]

Franciscus en Inger Marie het twee kinders gehad:

- Johan Anton Preis (*5 April 1834 in Harlev, Framlev, Århus, Denemarke[5], †7 Januarie 1883 op Nieuw Denmark, Standerton, ZAR[6]); en
- Laura Emilie Preis (*≡1838[1] Skødstrup, Øster Lisbjerg, Randers) sy is getroud met 'n skeep skipper Niels Adolph Krog (*≡1828, †1884, Århus[2]) op 24 September 1869 in Hasle, Århus.


Franciscus Preis is op 18 Augustus 1839 in Skødstrup, Øster Lisbjerg, Randers, Denemarke[3] oorlede. Daarna in 1840 bly Inger Marie en haar twee kinders by Christen Andersen Kondrup in Skødstrup wat 'n Orrelis en skoolonderwyser was. Inger Marie word as 'n "parish-clerk-widow" aangeteken, wat ek sou verstaan as 'n weduwee wat deur die kerk ondersteun is[1].



**4 - Skødstrup Kerk**

Op 4 November 1842 trou Inger Marie met Rasmus Jensen Just (*≡1812) in Skødstrup. Hy word aangedui as 'n plaas kneg op die "priester plaas" in Skødstrup en sy as 'n onderwyseres en kerk sanger[4]. Hulle sou ook drie van hulle eie kinders hê. In die sensus van 1845 en 1850[1] bly Laura

Emilie en Johan Anton nog by hulle ma en Rasmus. In die 1860 sensus bly hulle nie meer daar nie, maar Laura Emilie bly as huishoudster in Randers. Daar is egter geen teken van Johan Anton nie. Hy moes dus tussen 1850 en 1860 na Suid-Afrika gekom het.


Johan Anton Preis

**5 - Geboorte inskrywing**

### Johan Anton Preis

Johan Anton Preis het tussen 1850 en 1860 na Suid-Afrika gekom, sy eerste kind word in 1862 gebore. Sy eerste paar kinders is in Oudtshoorn gebore en hy bevind homself teen 1875 in die Standerton/Heidelberg area, Zuid Afrikaansche Republiek. Hy is getroud met Maria Jacoba Terblanche dogter van Stephanus Salomon Johannes Petrus Terblanche en Johanna Hendrina Salomina van der Walt.



**6 - Johan Anton Preis**

Dit wil voorkom of Johan Anton Preis 'n handelaar was. In 1879 skryf hy 'n brief aan die regering om 'n pos stasie by sy winkel te begin op Nieuw Denmark, omtrent 16 myl (omtrent 26km) van Standerton af in die rigting van Heidelberg. Daarin sê hy:

> *"I carry on a large country business here and consequently have a large correspondence and receive many letters and newspapers. . . Most of my customers reside at a great distance from Standerton & I therefore have to do the same for them* (carry post) *at my own expense. . . I have been informed that my post, Mr. Peels and his customers take more than one third of the whole post received and forwarded through the Postmaster in Standerton"*[16]



**7 - Maria Jacoba Terblanche**

Dit wil ook voorkom dat hy wapens en ammunisie verkoop het aangesien daar 'n hele paar versoeke is vir permitte om kruid en ander wapens in te voer in die argiewe. Dit wil ook voorkom dat daar in 1879 agt boere by hom aangekom het en wederregtelik gesoek het vir kruid; toe hulle nie kruid gekry het nie het hulle gedreig dat hulle weer sal kom. [17]

Johan Anton Preis sterf op 7 Januarie 1883 en laat nege kinders agter[6]. Na sy dood blyk dit dat Maria Jacoba ernstige finansiële moeilikheid gehad het en het op een stadium meer as £4000 geskuld het waarvoor sy in die hooggeregshof gedagvaar is. [19]

Die volgende geslagsregister kan opgestel word na aanleiding van Johan Anton en twee van sy seuns se sterfte kennisse, die meeste van die informasie is verkry van Erna Horgan, agter-kleinkind van Johanna Hendrina Salomina Preis, die skrywer se tante, wat dit in die Nasionale Argief opgespoor het.

a Johan Anton Preis *5 April 1834 in Harlev, Framlev, Århus, Denemarke[5], †7 Januarie 1883 op Nieuw Denmark, Standerton, ZAR[6] x Maria Jacoba Terblanche (* onbekend, † onbekend) dv Stephanus Salomon Johannes Petrus Terblanche en Johanna Hendrina Salomina van der Walt

- b1 Frants Johan Preis *1 Julie 1862 Kruisrivier, Outshoorn † 2 Desember 1916 terwyl op aktiewe diens in Brits Oos-Afrika, 'n boer van Johannesburg, x Anna Magrieta Erasmus[7]
  - c1 Elizabeth Catharina Preis x Aiden Pitout[7]
  - c2 Johan Anton Preis[7]
  - c3 Maria Jacoba Preis x Nicolaas Steynberg[7]

c4 Daniel Pokkelberg Preis[7]
c5 Lydia Margarieta Preis[7]
c6 Inger Laura Preis * 5 November 1901[7]

b2 Stephanus Salomon Johannes Petrus Preis *1863[6]

b3 Johan Anton Preis *10 Februarie 1865, Kaapkolonie, †19 September 1957 Pretoria Hospitaal x Johanna Martina Bolton Fourie (†29 Mei 1941 dv. Johannes Louis Fourie en Aletta Wilhelmina Abrahamlina de Klerk) [8&10]

c1 Aletta Wilhelmina Le Roux-Preis, *31 Desember 1893 x Roelof Johannes de Leeuw le Roux-Preis[8]

c2 Maria Jacoba Terblanche *18 Januarie 1898 x Jacobus Frederik Daniel Louw[8]

b4 Johanna Hendrina Salomina *9 Augustus 1866[6]†28 November 1940 Pretoria x 1889 Cornelius Gerhardus van Rooyen (*1865, †2 Desember 1928, Pretoria) [9]

b5 Inger Maria *1 Mei 1870[6]
b6 Laura Emilie *11 September 1872[6]
b7 Andries Pieter *5 Desember 1875[6]
b8 Maria Jacoba *18 Oktober 1877[6]
b9 Johannes Nicolas Christoffel *5 September 1880[6]

**Verwysings:**

1. www.ddd.dda.dk die Deense argiefdiens se elektroniese sensus informasie vir 1834, 1840,1850 en 1860.
2. www.folketimidten.dk onder Århus Borgerbog, 1750-1862 onder die verskillende persone.
3. Register van Skødstup, Øster Lisbjerg, Randers Denemarke bl. 164. Verkry vanaf www.arkivalieronline.dk.
4. www.folketimidten.dk onder Århus Vielsesdata 1760-1870 (Vielse = Troues) onder die betrokke paartjie se name.
5. Register van Harlev, Framlev, Århus, Denemarke. Verkry vanaf www.arkivalieronline.dk
6. TAB MHG O/2156, 1833
7. Sterfkennis: Frants Johan Preis verkry van Erna Horgan.
8. Sterfkennis: Johan Anton Preis verkry van Erna Horgan.
9. Informasie van Erna Horgan (Néé Van Rooyen).
10. Sterfkennis: Johanna Martina Fourie verkry van Erna Horgan.
11. Dit is die skrywer se vertaling, dalk nie heeltemal korrek nie. Die oorspronklike lui:

    *Domincus Preus, fød i Prag, gammel 25 Aar, begiert og vundet Borgerskab som Muurmester, aflagt Eed efter Loven og til Fattige udlovet aarlig 1 Rd. Ansat efter Rescriptet for de 6 Friheds Aar som Erstatning til Byen for 60 Rd.*

12. Danmarks Kirker, Århus Amt deel 1 bl. 335-339 deur Hans-Hendrik Anreasen opgesoek en vertaal deur die diens biblioteksvagten.dk.
13. Soos 12 hierbo in deel 1 bl. 335 en 339.
14. Soos in 12 hierbo in deel 3 bl. 14.
15. Soos in 12 hierbo deel 4 bl. 1676
16. TAB SS Leer vol 372 sys 01 ref. R4091/79
17. TAB SS Leer Vol 367 Sy's 01 Ref. R3642/79